WEES VEILIG OP JOU FIETS

SIGBAAR EN VEILIG:

Dra altyd helderkleurige klere wanneer jy fietsry. Ry altyd agter mekaar in dieselfde rigting as ander voertuie – nie teen die verkeer nie.

'n Fiets is een van die beste maniere om rond te beweeg. Dit is pret, dit is goedkoop, dit is gesond – en daarby regtig nog koel ook. Jy hoef niemand om 'n geleentheid te vra nie, en op 'n fiets is jy in beheer van jou tyd en jou bestemming.

Jy het die reg om op enige openbare pad buiten 'n snelweg te ry, maar onthou dat nie alle motors, busse en taxi's daarvan gaan hou om die pad met jou te deel nie. Sommige sal jou nie eens raaksien nie. Hier is 'n paar wenke om jou te help om veilig op jou fiets te bly.

BE SAFE ON YOUR BICYCLE

BE SEEN, BE SAFE:

Always wear bright clothing when riding your bicycle. Always ride in single file in the same direction as other vehicles – not against it.

A bicycle is one of the best ways to get around. It's fun, it's cheap, it's healthy – and really cool too. You don't have to ask someone for a lift, and on a bicycle you're in charge of how and when you get to where you are going.

You have the right to ride on any public road other than a freeway, but remember not every car, bus and taxi is going to be pleased to share the road with you. Some won't even notice you. Here are some tips to help you to stay safe on your bicycle.

Volhoubaarheid
Sustainability

UNIVERSITEIT·STELLENBOSCH·UNIVERSITY
jou kennisvennoot your knowledge partner

Voertuigvloot / Vehicle Fleet
Banghoekweg 48 Banghoek Road, Stellenbosch, 7600
E-pos/E-mail: fiets_bike@sun.ac.za
Tel: (021) 808 9071 | www.sun.ac.za/voertuig

bicycling empowerment network
ben South Africa

JOU FIETSHELM MOET GOED PAS

Dra altyd 'n helm. Dit is wet en kan jou lewe red, maar net as jy dit vasmaak.

Die regte manier om 'n helm te dra.

The correct way to wear a helmet.

Die verkeerde manier om 'n helm te dra.

The incorrect way to wear a helmet.

FIT YOUR HELMET PROPERLY

Always wear a helmet. It is the law and it could save your life, but only if you fasten it.

GEE ALTYD 'N TEKEN

Gee altyd 'n teken as jy iets gaan doen. Wanneer jy links of regs gaan draai, moet jy altyd agter jou kyk om seker te maak dit is veilig. Ry só dat motoriste jou kan sien en weet wat jy gaan doen. Maak seker die motoris het gesien wat jy gaan doen aangesien die meeste ongelukke by kruisings gebeur.

Linksdraai | Left turn

Stop

Regsdraai | Right turn

ALWAYS SIGNAL

Always signal your moves to others. When turning left or right, always look behind you to see if it's safe. Ride so that motorists can see you and know what your intentions are. Make sure the motorist has noticed your intentions, as most accidents happen at intersections.

KEN JOU PADTEKENS
KNOW YOUR ROAD SIGNS

Stop

Toegee – wees versigtig, ry stadiger en ry slegs wanneer dit veilig is

Yield – be careful, slow down and ride only when it is safe

Geen ingang
No entry

Snelweg – jy mag nie op hierdie pad ry nie

Freeway – you are not allowed to ride on this road

Wenke: Probeer om nie saans te ry nie • Moet nooit mense verras deur skielik te stop of van rigting te verander nie • Dra 'n weerkaatsende enkelband

Stappe vir veilige fietsry: Dink. Kyk. Is dit veilig? Gee altyd tekens. Beweeg.

Tips: Avoid riding at night • Never surprise people by suddenly stopping or changing direction • Wear a reflective ankle strap

Steps to safe cycling: Think. Look. Is it safe? Signal. Move.

WEES SIGBAAR

Ry so dat bestuurders jou kan sien. Bly uit die bestuurders se blinde kol (rooi areas).
'n Veilige ryer sal altyd boeke en ander items op 'n drarak of in 'n rugsak vervoer.



BE VISIBLE

Ride so that drivers can see you. Stay out of the drivers' blind spots (the red areas).
A safe rider will always carry books and other items on a carrier or in a backpack.

WEES VOORSPELBAAR, WEES WAAKSAAM, BLY VEILIG

'n Veilige ryer sal een-een ry (agter mekaar). • 'n Veilige ryer sal helderkleurige klere dra. 'n Veilige ryer sal te alle tye waaksaam wees. • 'n Veilige ryer sal bewus wees van ander verkeer.

Moenie vergeet om jou skoenveters vas te maak nie!

As jy 'n enkelband dra, verhoed dit nie net dat jou broekspyp in die ketting vasgevang word nie, maar jy sal ook sigbaarder wees!

BE PREDICTABLE STAY ALERT STAY SAFE

A safe rider will ride in single file. • A safe rider will wear bright clothes. A safe rider will be alert at all times. • A safe rider will be aware of other traffic

Don't forget to tie your shoelaces!

If you wear an ankle strap, it does not only keep your pants from catching in the chain, but you're more visible too!

GEVAARLIKE FIETSRY

MOENIE 'N GEVAARLIKE FIETSRYER WEES NIE! BLY WAAKSAAM!

'n Veilige ryer sal altyd een hand op die stuurstang hou. • 'n Veilige ryer sal altyd sy of haar helm vasmaak. 'n Veilige ryer sal nie eet terwyl hy/sy ry nie. • 'n Veilige ryer sal nie in die ry gesels/SMS of na musiek luister nie. • 'n Veilige ryer sal nie 'n vriend 'n geleentheid op sy of haar fiets gee nie.

DANGEROUS CYCLING

DON'T BE A DANGEROUS CYCLIST! STAY ALERT!

A safe rider will always have one hand on the handlebar. • A safe rider will always have their helmet fastened. • A safe rider will not eat when riding. • A safe rider will not chat/SMS or listen to music while riding. • A safe rider will not lift a friend on their bicycle.

Wenke: Dra 'n blink weerkaatsende band om jou enkel of pols.
Ry saam met vriende fiets, dis veiliger en groter pret.

Tips: Wear a shiny reflective strap round your ankle or wrist.
Cycle with friends, it's safer and more fun.

Moenie te na aan die kant van die pad ry nie. Ry omtrent 1m weg van die sypaadjie af, anders sal motoriste probeer om jou in daardie klein ruimte verby te steek. Wees op die uitkyk vir glas, slaggate, stormwaterdeksels, draaie in die pad of enige iets wat kan veroorsaak dat jy beheer oor jou fiets verloor.

Geparkeerde motors is gevaarlik – as iemand skielik die deur oopmaak, kan jy in die verbyry daarin vasry. Maak seker jy bly omtrent 1m weg van geparkeerde motors wanneer jy fietsry.

Don't ride too close to the edge of the road. Ride about 1m away from the pavement, otherwise motorists will try and squeeze past you. Watch out for glass, potholes, storm grates, and the angle of the road or anything else that could make you lose control of your bicycle.

Parked cars are dangerous – if someone suddenly opens the door it could hit you as you cycle past. Make sure that you ride about a meter away from parked cars.

ONTHOU! Wees altyd waaksaam, ry voorspelbaar en ry agter mekaar.

REMEMBER! Always be alert, ride in a predictable way and in single file.